

Donderdag 24 September

Skrifgedeelte: Openbaring 5

Fokusgedeelte: Openbaring 5:13

Die Here Jesus is steeds by ons, al het Hy hemel toe gevaar

Ons leef in 'n tyd waar mense alles met die wetenskap wil verklaar. Dinge wat nie wetenskaplik verklaar kan word nie, word normaalweg verwerp.

Die opstanding uit die dood word nie aanvaar nie. Met die hemelvaart en Jesus se bestemming het die wetenskap geen raad nie. Daarom is daar groeiende ongeloof hieroor onder die mensdom in die algemeen.

Dit is natuurlik so dat mens die liggaamlike opstanding en hemelvaart van Christus net in die geloof kan aanvaar en verstaan. Daarom het dit ook net vir die gelowiges betekenis. Dit is net vir die gelowiges wat dit belangrik is om te weet wat met hulle gaan gebeur ná hulle dood: hulle liggame gaan net soos Jesus s'n uit die dood opgewek word. Hulle gaan met liggaam en siel - soos Jesus - in die koninkryk in.

Die hemelvaart is 'n bewys van God se almag. Voor die oë van mense het Hy met sy liggaam van die aarde af na die hemel toe gegaan. Dit is die bewys dat Hy alle liggame - ook ons s'n - so van die aarde af na die hemel toe kan laat gaan.

Die feit dat Jesus met sy liggaam hier weg is, beteken nie dat Hy daarmee van ons afgesny geraak het nie. Ons moet altyd onthou dat Jesus en die Vader en die Heilige Gees een Wese is - een God. Omdat Hy en die Heilige Gees Eenswesens is, is Jesus deur die Heilige Gees nog steeds by ons.

Dit is waarom daar in ons belydenis staan: ... dat Hy ons sy Gees as teëpand stuur, deur Wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus is aan die regterhand van God, en nie wat op die aarde is nie (HK 18:49).

Sing: Skrifbelydening 9-2:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)